NOTULE VAN 'N LEDEVERGADERING WAT GEHOU IS IN DIE SYSAAL VAN DIE STADSAAL TE MOSSELBAAI OP WOENSDAG 6 MAART 2019 OM 10H00

TEENWOORDIG:

Sien aangehegte lys:

1. **Open met gebed**
   Mnr C. van Niekerk open met gebed

2. **Verwelkoming deur die Voorsitter Mnr. W.F.T. van Schalkwyk**
   Die Voorsitter verwelkom almal.

3. **Verskonings**
   Selma Botha, Maryna Kruger, Jan Maritz, Elsabe Kruger, Adel Kuhn, Blans Strydom, Neels Erasmus, Andrew Rhoodie, E. van Egmond, Brian Oliver, Benji Bouwer

4. **Vorige vergadering se notule**

5. **Sake voortspruitend uit vorige vergadering se notule**
   Geen

6. **Byvoeging onder Algemeen**

7. **Finansiële verslag – Tesourier (Mnr C. van Niekerk)**
   Die Tesourier gee terugvoering en noem dat die rekeninge baie goed lyk. Die feesterekening is ook sterk maar daar moet nog bedrae vir uitgawes afgetrek word. Indien daar enige vrae is kan hulle hom vra.

8. **Verontagsaming van OEV Reëls en Regulasies wat tot wrywing en wanorde in die OEV ly - vloekery, beledigings, aanvalle, agressiewe optredes, swak gedrag ensovoorts, ensovoorts – Is dit regtig waarheen ons Vereniging op pad is?**
   Die Voorsitter is beswaard oor die gevloekery en bakleiery oor die Desember 2018 vakansietydperk. Daar is reëls en regulasies in plek maar sekere uitstallers blyk meer en meer om hulle nie daaraan te steur nie. Hy wys daarop dat as dit die beeld is wat die OEV en sy uitstallers na buitetoe wil uitdra dat die OEV na 'n baie donker toekoms kyk. Hy vra dat almal mekaar moet respekteer en om die OEV te beskerm. Die Vereniging is uniek en behoort nie sondermeer deur 'n paar vernietig te word nie. Mnr J. Coetzee bedank die Voorsitter vir die dokumente wat hy opstel. Hy voel die fout by die OEV lê wie nie reëls toepas om waarskuwings uit te reik nie. Dinge wat op die stalletjies ontaard is deur mense wie nie die reëls en die Grondwet volg nie. Lede moet ingeval van oortredings die OEV Beampte kontak wie dit dan verder sal opneem met die betrokke persone. Sekere Lede voel blykbaar dat hulle" untouchable " is. Lede moet ook besef dat die OEV Beampte en die Sekretaresse net die reëls uitvoer. Hulle maak nie die reëls nie so moenie hulle aanval nie.

9. Oorsig – OEV Goods Shed Vlooimark en Grootbrakmark – Mnr J. Coetzee – Mosselbaai Munisipaliteit en Grootbrakmarkkoördineerder – Me. M.A. Sonnekus.

Die Bestuur het besluit om die Goods Shed oor Paasnaweek oop te hou. Maandag 22 April 2019 sal dus oop wees en tye vir die tydperk sal vanaf 9h00 tot 17h00 wees.
Mnr. J. Coetzee vertel dat Stellenbosch die dag deurgebring het in die Goods Shed en beïndruk was.
Grootbrakmark groei van krag tot krag en dit is nou 100% vol en het 'n waglys in plek. Grootbrakmark kry baie goeie terugvoering van kliente van watter lieflike atmosfeer dit het en hoe vriendelik die uitstallers is. Daar is 'n groot verskeidenheid stalletjies. Ons musiekman speel die lekkerste musiek wat die atmosfeer net meer aangenaam maak. Die uitstallers se terugvoering is dat hulle baie goed doen op Grootbrakmark.

10. Afgelope Dias en Portfees: Mosselbaai: 31 Januarie 2019 tot en met 03 Februarie 2019. – Mnr J. Coetzee

Die Diasfees het baie slegte weer gehad. Van die uitstallers se gazebos is heeltemal as gevolg van die sterk wind op die Vrydag gebreek. Die terugvoering van die uitstallers is dat van hulle 'n baie goeie Diasfees gehad terwyl daar ook die is wie gekla het. Toegang is baie goed beheer met minder probleme. Mnr J. Coetzee doen 'n beroep op almal dat hulle vroegtydig moet aansoek doen en betaal. Die Voorsitter bedank Mnr J. Coetzee vir sy harde werk wat ingesit word met die Diasfees.

11. Die Gesondheidswet en die OEV reëls (Verbod op rook binne 10 meter van enige uitstalruimte ensovoorts) – Mnr C. van Niekerk.

Die nuwe Gesondheidswetdokumente is uitgegee. Nuwe vorms met alle reëls sal beskikbaar by die mobiele kantoor wees vir die wie dit nog nie het nie. Hou by die reëls want die publiek sien dit raak. Wees trots op jou stalletjie.
Geen persoon mag rook in sy stalletjie nie – Die Gesondheidswet beskerm die nie rokers teen sekondêre rook en alle rokers moet 10m van 'n stalletjie af wees
Die Bestuur het opdrag aan die OEV Beampte gegee om streng op te tree teen persone wie nie die reël nakom nie. Mnr J. de Lange stel voor dat 'n "designated" rokers area geskep word. Ruimte is 'n probleem en dit sal in die volgende Bestuursvergadering bespreek word.

12. Komende Maart 2019/April 2019 vakansietydperke.
Tydperk een: 15/3/2019 – 30/3/2019
Tydperk twee: 19/4/2019 – 22/4/2019 (Paasnaweek)

12.1 Joubert Park – grasie vir sekere uitstallers (koswaens) om vroeër as 14/3/2019 op te slaan. Reëlings. Nota: Geen krag, toilette of sekuriteit voor amptelike begindae van 15 Maart 2019 en 19 April 2019 nie.

Woensdag 13 Maart 2019 mag koswaens Joubert Park inkom terwyl strukture 14 Maart 2019 in Joubert park mag opslaan.

12.2 Verwyder van alle strukture vir tydperk tussen 1/4/2019 tot 18/4/2019 of vroeèr soos besluit.

Alle strukture en waentjies moet teen Sondag verwyder wees. Handeldryf is net tot Saterdag 30 Maart 2019.

12.3 Kraggebruik – Moet weekliks vooruitbetaal word – Optrede teenoor diegene wie nie by die reèl hou nie. Moontlike oplossing - moet alle krag verskuldig nie miskien in totaal aan die begin van 'n vakansietydperk gevorder word voordat toestemming verleen word om 'n uitstalruimte te beset nie?

Die Voorsitter stel voor dat alle kragverbruikers hulle krag vooruit betaal. Mnr C. de Jager beweer dat in Desember die Uitstallers te veel uitgawes het en dit nie so sal kan doen nie. Mnr J. Coetzee vra vir 'n voorstel vir die kragbetaling. Mnr C. de Jager stel voor dat kragverbruikers steeds 'n week vooruit betaal en indien dit nie gedoen word nie dat die krag dan afgesny word. Indien gesny word, moet die Uitstaller dan 'n boete of heraansluitingsfooi betaal en die Uitstaller kry nie weer 'n stalletjie nie. Die Bestuur sal 'n besluit maak op die volgende Bestuursvergadering oor hoe dit gehanteer gaan word.

12.4 Watervoorsiening te Joubert Park.

Besluit sal by die volgende Bestuursvergadering gemaak word of die kraan vir die siesoen oopgemaak gaan word of nie. Indien iemand sien dat vet en olie of vuilwater afgegooi word moet dit onmiddellik aan die Beampte gerapporteer word. Indien daar 'n insident plaasvind gaan die kraan vir goed toegesluit word.

12.5 Kosstalletjies

12.5.1 Higiène, vuil water, ontslae raak van afval ens.

Alle vuil water moet huistoe geneem word.

12.5.2 Swak toestand van sekere koswaens verslete, geroes, swak voorkoms ens. Opgradering vir toekomstige uitstalplek. Voorstel – jaarlikse inspeksie van alle sogenoemde koswaens (alle voertuie – karavane ens ingesluit voordat uitstalruimte finaal toegeken word.

Daar is opgemerk dat van die koswaens nie padwaardig is nie en in 'n swak toestand is. By 'n punt gekom dat daar 'n komittee aangestel gaan word om standard inspeksies te doen op waentjies. Maak seker jou waentjie word gereeld opgegradeer en op standaard gehou. Daar is baie mense met pragtige koswaens wat aansoek doen maar nie plek kry nie omdat die OEV lojaal teenoor sy ou uitstallers is. Dit kan nie so voortsduur nie. 'n Waarskuwing dat julle, julle staanplekke gaan verloor as die koswaens nie voldoen aan die OEV se standaarde nie.

12.6 Inbetalings – Steeds geen verwysing op baie inbetaalstrokies.
Die betalings wat gedoen word moet verwysings op hê. Mnr. J. Coetzee stel voor dat ‘n boete ingebring word. Die weglaat van besonderhede op inbetaalstrokies veroorsaak tydrowende administratiewe probleme.

12.7 Algemeen

12.7.1 Isabel krag –
Isabel vra of daar nie gekyk kan word na die kragbetaling van R600 en of dit bietjie minder kan wees. Ongelukkig nie haalbaar nie.

12.7.2 Mnr .C. de Jager – Getroude lede –dood.
Mnr de Jager wil weet of hy Ledegeld vir sy vrou kan betaal. Hy wil weet dat indien hy iets oorkom sy vrou kan aangaan met sy stalletjies. Mnr de Jager wil iets in plek kry. Mnr J. Coetzee vra dat Mnr de Jager met ‘n voorstel vorendag kom.

12.7.3 Toilet Geriewe –
Daar word gevra of toilette van ATKV nie vir daaglikse handelaars beskikbaar gestel kan word in Hartenbos nie. Daar kan nie voorsiening gemaak word nie. Betrokke uitstallers moet dit met ATKV persoonlik opneem.

12.7.4 Gevalle Studies – Implikasies teen die OEV
Mnr J. de Lange wil weet as stalletjiehouer wat se reg jy het as iemand in jou stalletjie steel. Mag jy die opdrag gee vir die sekuriteit om hom te arresteer? Elke uitstaller is verantwoordelik vir sy eie stalletjie. Aangeleentheid sal op volgende Bestuursvergadering bespreek word.

13. Algemeen (Byvoeging uit gehoor vir bespreking)
Geen

14. Vrae uit gehoor.
Mnr C. de Jager vra of daar ‘n oprit by die sykant waar die Joubert Park Bord is, aangebring kan word. Nie haalbaar nie.

15. “Lucky Draw”vir kontant prys van R200.
Lucky Draw deur Boet Scholtz gewen.

16. Vergadering verdaag.
Vergadering verdaag om 12h30.

NOTULE GOEDGEKEUR:

VOORSITTER:_____SEKRETARESSE_____

DATUM_____

VOORSTEL:_____SEKONDANT:_____
_